

PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE NED. Geref. KERK IN SUID-AFRIKA

<https://www.ppfkaapkerk.co.za> / pensioen@kaapkerk.co.za / 021 957 7115

Registrasienommer: 12/8/3615 – Privaatsak X8, Bellville, 7535

VOORBEELD VAN JAARLIKSE HERSIENING VAN INKOMSTE SKRYWE

Beste [Titel en Van]

PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE NED. Geref. KERK IN SUID-AFRIKA (PPF) JAARLIKSE HERSIENING VAN U INKOMSTE

Ons verwys na u aftrede uit die PPF op [Datum] en bring graag onder u aandag dat u nou geleentheid het om u maandelikse inkomste te hersien.

U kan jaarliks 'n keuse oor u onttrekkingsvlak, en derhalwe u maandelikse pensioen, uitoefen. U is dus self verantwoordelik om die pensioenvlak te verhoog, sou dit nodig wees. Oorlegpleging met 'n finansiële adviseur word sterk aanbeveel.

Die effektiewe datum van die keuse is [Datum] en u word vriendelik versoek om enige veranderinge aan die Pensioenkantoor voor [Keerderdatum] te stuur.

Indien u kies om nie u inkomste persentasie te verander nie:

- is geen instruksie nodig nie, maar u word steeds versoek om die toepaslike gedeeltes van die vorm wat hierby aangeheg is te parafeer en daarop af te teken;
- sal die inkomste herbereken word gebaseer op u huidige inkomste persentasie en u beleggingswaarde op [Datum] en
- die u gekose beleggingsportefeulje(s) sal behou word en geen veranderinge sal aangebring word nie, tensy u nuwe keuses uitoefen.

Indien u kies om u inkomste te verander

- voltooi asseblief die aangehegte vorm.

Die voltooide vorm kan na 086 524 7153 gefaks word, of per e-pos na pensioen@kaapkerk.co.za gestuur word.

Die nodige instruksies moet voor [Keerderdatum] ontvang word om te verseker dat u opdragte uitgevoer word en u inkomste nie outomaties herbereken word nie. Verseker asseblief dat u afskrifte hou vir u eie rekorddoeleindes.

Ons beklemtoon dat u slegs een maal per jaar op die inkomstehersieningsdatum die geleentheid kry om enige veranderinge aan u maandelikse inkomste te maak.

Die fonds beveel aan dat u die beskikbare opsies met u finansiële adviseur bespreek voordat u enige keuses uitoefen.

U aandag word gevestig op die fondsriglyne rondom die ouderdoms-gebaseerde onttrekkingskoerse, soos uiteengesit in die PPF se amptelike IFLA Vrae en Antwoorde dokument (PPF4, aangeheg). Indien u gekose onttrekkingskoers hierdie riglyne oorskry, is die moontlikheid hoër dat u beleggingswaarde vroeër as beplan uitgeput word. Die trustees beveel ten sterkste aan dat u professionele advies inwin rondom die impak van u keuses.

Die volgende dokumentasie vergesel hierdie skrywe:

1. Vrae en antwoorde oor die IFLA-opsie in die Fonds – PPF4
2. Die beleggingskeusevorm – PPF7
3. Die hersiening van lewende annuïteit inkomste vorm – PPF9

Vriendelik die uwe

ELODIE VAN DER WALT

ADMINISTRATIEWE BEAMPTTE: PPF

pensioen@kaapkerk.co.za

021 957 7115

JAARLIKSE HERSIENING VAN LEWENDE ANNUÏTEIT INKOMSTE

U inkomste kan net een maal per jaar op u inkomstehersieningsdatum aangepas word. Voltooi asseblief hierdie vorm en faks dit aan 086 524 7153 of stuur dit per e-pos aan pensioen@kaapkerk.co.za voor [Keerdatum].

Hiermee bevestig ek, die ondergenoemde lid van die Predikante Pensioenfonds van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika (PPF) se In-Fonds Lewende Annuïteit (IFLA), dat ek die nodige finansiële inligting ingewin het en vanaf [Hersiendatum] (die inkomste-hersieningsdatum) die volgende keuses uitoefen:

1. PERSOONLIKE BESONDERHEDE

Volle name en Van van Lid:	
Identiteitsnommer:	
Geboortedatum:	
Aanvangsdatum van annuïteit:	

2. HUIDIGE BELEGGINGSWAARDE

Balans in u Fondswaarde soos op:	Datum	Bedrag

3. HUIDIGE INKOMSTE

3.1	Huidige inkomste persentasie:	
3.1	Huidige maandelikse inkomste bedrag:	

4. HUIDIGE BELEGGINGSPORTEFEULJE(S)

PORTEFEULJE	PERSENTASIE	WAARDE
Langtermyn-portefeulje:		
Konserwatiewe-portefeulje:		
Inkomstebeskerming-portefeulje:		
Verstek-lewensfasemodel vir IFLA-lede		
Totaal:		

Die nuutste feiteblaaie, wat breedvoerige inligting oor al die beleggingsportefeuljes bevat, is op die fonds se webwerf beskikbaar: <https://www.ppfkaapkerk.co.za/publikasies/#Feiteblaaie>

IFLA lede word herinner aan die fonds se voorgestelde maksimum onttrekkingskoerse wat die volhoubaarheid van inkomste nastreef. Hierdie maksimum onttrekkingskoerse is as volg:

OUDERDOM: LAASTE VERJAARSDAG	VOORGESTELDE ONTTREKKINGSLIMIET
Onder 60	4,00%
60-64	4,50%
65-69	5,00%
70-74	5,50%
Bo 75	5,75%

Hierdie onttrekkingskoerse is bepaal in lyn met die verstek beleggingsportefeulje. 'n Meer of minder konserwatiewe beleggingsportefeulje as die fonds se verstek beleggingsportefeulje, mag dus lei tot effens laer of hoër onttrekkingslimiete.

[Indien van toepassing]

U huidige onttrekkingskoers van [Persentasie] is hoër as die fonds se voorgestelde maksimum onttrekkingskoers en kan dus as onvolhoubaar geag word. U word sterk aangeraai om 'n geregistreerde finansiële adviseur te raadpleeg rakende die risiko's verbonde daaraan om teen hierdie hoër koers te onttrek.

5. OPBOU VAN U FONDSWAARDE

Openingsbalans soos op [Datum]:	
Minus inkomste onttrek:	
Minus Administratiewe fooie verhaal:	
Minus Adviesfooie verhaal:	
Netto beleggingsopbrengs verdien	
Sluitingsbalans soos op [Datum]:	

* Volledige inligting oor die beleggingsfooie wat gehef is op die verskillende beleggingsportefeuljes kan op die fonds se webwerf (www.ppfkaapkerk.co.za/publikasies/) onder feiteblaaie verkry word.

6. MY KEUSE VIR DIE VOLGENDE JAAR SE BELEGGINGSPORTEFEULJES

[Maak asseblief 'n kruisie [X] in die voorlaaste kolom by die Opsie van u keuse én parafeer dan die blokkie in die volgende kolom].

OPSIE 1 Behou die beleggingsportefeuljes onveranderd.	Merk met 'n X	Parafeer
OPSIE 2 Verander asseblief my beleggingsportefeuljes soos aangedui in die getekende vorm PPF7 wat ek hiermee saam stuur.	Merk met 'n X	Parafeer

'n Beleggingskeusevorm word tesame met hierdie skrywe verskaf. Voltooi dit asseblief indien u 'n verandering aan u beleggingstrategie wil aanbring. Die Fonds laat een verandering per jaar kostevry toe, waarna 'n fooi van R402,50 per skuif gehef sal word.

7. MY KEUSE VIR DIE VOLGENDE JAAR SE MAANDELIKSE INKOMSTE

[Maak asseblief 'n kruisie [X] in die voorlaaste kolom by die Opsie van u keuse én parafeer dan die blokkie in die volgende kolom].

Die inkomste wat u kies moet tussen 2,5% en 17,5% van die beleggingswaarde wees om aan die vereistes te voldoen. Die aangepaste jaarlikse inkomste sal bereken word gebaseer op u beleggingswaarde soos op [datum] en sal maandeliks betaal word totdat u volgende inkomstehersieningsdatum aanbreek. Aangesien die balans in die Fondswaarde meer of minder as aan die begin van die periode sal wees, sal 'n keuse vir 'n onveranderde inkomste **persentasie** steeds u maandelikse inkomste vermeerder of verminder.

U moet slegs een van hierdie opsies uitoefen.

Opsie 1A – Behou Persentasie Behou die inkomste persentasie onveranderd (sien u huidige persentasie by punt 3.1)	Merk met 'n X	Parafeer
Of Opsie 1B – Behou Bedrag Behou die inkomste bedrag onveranderd (sien u huidige inkomste by punt 3.2).	Merk met 'n X	Parafeer
Of Opsie 2A – Verander Persentasie Verander asseblief my inkomste persentasie soos hieronder aangedui. My nuwe inkomste persentasie moet asseblief as volg wees:	Merk met 'n X	Parafeer %
Opsie 2B – Verander Bedrag Verander asseblief my maandelikse inkomste bedrag soos hieronder aangedui. My nuwe maandelikse inkomste bedrag moet asseblief as volg wees:	Merk met 'n X	Parafeer Bedrag R

Hierdie vorm is deur my op die volgende datum en plek in teenwoordigheid van die volgende getuie geteken:

Datum:	
Plek (Dorp/Voorstad):	

Handtekening van lid:	
Volle name en Van:	

Handtekening van getuie:	
Volle name en Van:	